


*Dit gaan jou lewe verander.*

**Tema:** Wees Mens - Sewe Stories van Oorsprong
**Teksgedeelte:** Genesis 11:1-9

"Dit gaan jou lewe verander," sê sy vir my oor die foon. Ek het haar gebel vir advies, want ek weet sy het onlangs een gekoop. Moet ek die groot een of die kleiner een koop? "Die groter een, of course!" sê sy sonder om te huiwer. "Jy kan gemaklik twee heel hoenders daarin gaarmaak. Ek belowe, dit gaan jou lewe verander."

Die hoeveelheid kere wat ek hierdie selfde woorde gehoor het oor die impak van die mees alledaagse goed, is 'n bevestiging van hoe graag ons as mense wil hê ons lewe moet anders wees. En met "anders" bedoel ek beter. Van 'n airfryer tot die nuutste iPhone. Die populariteit van hierdie produkte en ons geskarrel om die nuutste weergawe te kry, spreek tot oeroue en eg menslike behoeftes. Die oorsprongstories van Genesis 1–11 bevestig hoe diep gewortel (en dwaas) hierdie behoeftes is.

Van Adam, gevorm uit die rooi klei van die aarde, tot by die bakstene van Babel, spreek hierdie oerverhale 'n aantal diep, universele menslike behoeftes aan. Hierdie stories verduidelik nie net "hoe dinge gekom het" (etiologie) nie, maar help ons om teologies sin te maak van fundamentele menslike vrae en angs.

Waar kom ons vandaan? Waarheen is ons op pad? Hoe maak ons sin en vind ons orde in 'n chaotiese wêreld? Hoe gemaak met die boosheid en die broosheid wat ons selfs in die beste van mense vind? Wat maak 'n mens menswaardig? Is daar hoop vir 'n stukkende wêreld? Is daar 'n God(e), en indien wel, wie en hoe is hierdie God?

Maar in plaas van antwoorde, vertel die eerste boek van die Bybel die mees aangrypende (God-geïnspireerde) stories deur die monde van begeesterde en meesterlike storievertellers.

Ek het hierdie week, in my reis met die oerbekende verhaal van die Toring van Babel, opnuut ontdek hoe uitsonderlik talentvol die antieke Hebreeuse skrywers was. In teenstelling met die airfryer wat nie juis my lewe verander het nie, het die nege versreëls van Genesis 11 hierdie week 'n groot indruk op my menswees gelaat. Ek moedig jou aan om tyd te maak om deeglik met die verhaal kennis te maak. *Dit gaan jou lewe verander!*

As kind het hierdie verhaal my verwar, en daarin lê die ironie. Ek kon nooit verstaan wat God se "issue" met die bou van die toring is nie. Ek het ook nie gehou van die gedagte dat al die tale van die mensdom deel is van God se straf vir die blinde ambisie van 'n handjievol Babelse bouers nie. Maar met die lees en herlees van die teks deur die lens van ons vraag oor wat dit

beteken om mens te wees, het dié verhaal op 'n wonderbaarlike wyse my verras as 'n tydlose teks wat veral vir die tydgees waarin ons leef, uiters toepaslik is.

Die storievertellers in antieke Israel het geweet dat hulle taal een van baie was, en dat hulle nasie een van die minder magtiges in die streek was. Die magtigstes was die ryke van Mesopotamië, wat oor Israel geheers het vir baie eeue, tot by die Babiloniese verowering en ballingskap. Die Toring van Babel-verhaal is waarskynlik geskryf tydens die Assiriese Ryk (ca. agtste eeu v.C.), toe die stad Babilon sy antieke mitiese glorie behou het. (In vergelyking was die groot Assiriese stede relatiewe nuwelinge, sonder kulturele gewig.) Die simboliek van Babilon as die embleem van Mesopotamiese imperiale mag weerklink in hierdie verhaal.

Die verhaal is poëties-polemies. Op 'n skerpsinnige en selfs spottende wyse word die magtige heersende denke van die dag ontmasker as dwaasheid. Ons vind byvoorbeeld 'n slim woordspeling in die oorspronklike teks wat verlore gaan in die moderne vertalings.

In Genesis 11 speel die Hebreeuse teks met die letters van die woord vir baksteen. Die woord vir baksteen is לְבֵנָה (levenah). Die vorm wat God in vers 7 gebruik vir "laat ons verwar" is נָבְלָה (navlah). Die letters van levenah (L-B-N-H) word eenvoudig omgerangskik tot navlah (N-B-L-H).

Die mense "meng" materiale om bakstene te maak, en God "meng" (balal) hulle taal. Selfs die letters van die woord vir die baksteen waarmee hulle so trots bou, word deur God deurmekaar gemaak in die werkwoord van oordeel. Dit is 'n subtiele, maar baie treffende literêre woordspeling in die oorspronklike Hebreeus.

Ons vind dit ook in die struktuur van die verhaal. Let op die eerste vers en die laaste twee verse. Die verhaal begin en eindig met die "taal van die hele aarde". In die begin is dit 'n klein aarde waar almal dieselfde praat en leef vanuit 'n vrees vir die onbekende. Teenoor die skeppingsopdrag om die hele aarde te bewoon en te bewerk, wil die mense van die aarde (Noag se nasate) 'n stad bou wat nie net die aarde klein sal hou nie, maar sommer ook dié wat daarin woon toegang tot die hemel, tot by God, sal gee. En dit was juis die belofte van antieke Babel. Die stad het bekend gestaan as die poort na God.

Maar die antieke Hebreërs sien die dwaasheid in hierdie wêreldbeskouing. God se droom vir sy skepping is nie 'n enersdenkende stad met ivoortorings nie, maar 'n veilige, bewoonbare en vrugbare aarde tot die veelkleurige voordeel van almal en alles wat leef.

Dit laat my dink aan die eerste versreël van Koos du Plessis se Gebed.

*Laat my nooit die grond verlaat nie.*

Dit is seker een van die die mooiste sinne in Afrikaans.

Dit staan in kontras met die mens se ewige opwaartse hunkering na die hemele en ons vatbaarheid vir foefies wat belowe om ons lewe te verander en te verbeter. Dit is woorde wat jou anker en grondves – nie net in die hier en die nou van tyd, plek en ruimte nie, maar in dit wat blywend, vormend en voedingsryk is. In die "nooit" is opgesluit ons hunkering na die ewige, maar dit smag nie na ontvlugting nie. Dit bid: soos in die hemel, so ook op die aarde. Dit bely dat vlug en vryheid nie dieselfde is nie. Dat grond goed is – vrugbare vermeerdering tot in die uithoeke van die aarde. En dat die rooi klei van hierdie aarde (adama) 'n geskenk is aan die mens (adam) vir die bou van huise, vuurherde, hospitale, skole, damme, krale en kerke – tot eer en verheerliking van die Een na wie se beeld ons geskep is.



**Pieter Brueghel - *Tower of Babel***

**GEBEDSPRAKTYK:**

In die komende weke vir ons reeks, moedig ons mekaar aan om die volgende gebedsoefening daagliks te doen.

Word stil en raak bewus van God se teenwoordigheid by jou en in jou.
Wie is dié God?
Verbeel jou Hy kyk na jou?
Hoe kyk Hy na jou?
Wat is die uitdrukking in sy oë?
Wat dink jy voel Hy terwyl Hy na jou kyk?
Is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê?
Is daar iets wat Hy dalk vir jou wil sê?
Laat die gesprek spontaan ontvou.
Rus 'n ruk lank in sy liefdevolle blik en wees net mens in sy teenwoordigheid.

**VIR KLEINGROEPE:**

**Ons ontmoet mekaar**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week...

**Ons Ontmoet God**

Steek 'n kers aan in die groep as simbool van God as die Lig in ons wat teenwoordig is.

Doen die gebedsoefening saam wat ons in die tyd inoefen...

**Ons deel met mekaar**

- Wat van verlede week se tekste en die erediens het jou veral geraak? Gee elke groepslid geleentheid om te deel.
- Lees nou die komende week se teks en laat elkeen deel wat hulle daarin hoor.
- Hoe help die teksgedeelte ons om te dink oor mens-wees vandag?

**Ons sluit af**

Laat die groep deel hoe hulle in die komende week vir mekaar kan bid en ondersteun.